testpapers.co.za

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## PROVINSIALE EKSAMEN

# NOVEMBER 2019

## GRAAD 11

# EKONOMIE
# VRAESTEL 1

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 150**

**13 bladsye**

Kopiereg voorbehou 

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in jou ANTWOORDBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord die korrekte aantal vrae soos verlang. Oortollige antwoorde sal NIE gemerk word NIE.

3. Nommer jou antwoorde volgens die numeringstelsel wat in die vraestel gebruik word.

4. Skryf die vraagnommer bo-aan elke antwoord.

5. Lees die vrae aandagtig deur, voordat jy dit antwoord.

6. Begin ELKE vraag op ŉ NUWE bladsy.

7. Los 2–3 lyne tussen die onderafdelings van jou vrae oop.

8. Antwoorde moet in vol sinne wees en maak seker dat jou antwoord se formaat, inhoud en konteks ooreenstem met die kognitiewe regulasies van die vraag.

9. Maak slegs gebruik van swart of blou ink.

10. Jy mag ŉ nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9. D.

1.1.1 Platinum in die grond kan die beste geklassifiseer word as watter produksiefaktor?

A Kapitaal
B Arbeid
C Natuurlike hulpbronne
D Edelmetale

1.1.2 Makro-ekonomie handel oor …

A totale ekonomie.
B die gedrag van besighede.
C die aktiwiteite van individuele eenhede.
D regeringsaankope.

1.1.3 In ŉ beplande of bevels-ekonomie, word al die ekonomiese besluite geneem deur die …

A kiesers.
B produseerders.
C verbruikers.
D regering.

1.1.4 In Suid-Afrika, is mynbou die verantwoordelikheid van die Departement van …

A Openbare Werke.
B Omgewing.
C Minerale Hulpbronne.
D Energie.

1.1.5 Die waarde van die gini-koëffisiënt varieer tussen …

A 0 en 1.
B 10 en 100.
C 1 en 10.
D 100 en 1000.

1.1.6 … meet die ekonomiese groei in persentasie van een periode tot ŉ volgende periode.

A Reële ekonomiese groeikoers
B Ekonomiese groeikoers
C Inflasiekoers
D BBI

1.1.7 Die … bestaan uit ŉ groep lande wat tariewe en kwotas op handel tussen hulle afskaf.

A gemeenskapsmark
B monetêre unie
C doeane unie
D vryehandelsgebied

1.1.8 Die primêre doelwit van NEPAD is om ...

A oorlog te keer.
B te stem in verkiesings.
C armoede uit te wis.
D betogers te ondersteun.

(8 x 2) (16)

1.2 Kies ŉ beskrywing uit KOLOM B wat by die item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A– I) langs die vraagnommer (1.2.1. tot 1.2.8) in die ANTWOORDBOEK neer, bv 1.2.9 K.

| **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|
| 1.2.1 Kapitaalverdieping | A Handelsooreenkoms tussen ŉ groep ontluikende markte |
| 1.2.2 Nie-hernubaar | B Die oordrag van rykdom van een generasie tot die volgende |
| 1.2.3 Kapitalisme | C Ontstaan wanneer die arbeid-kapitaal verhouding verhoog |
| 1.2.4 Bruto Kapitaalvorming | D Produksie word beheer deur privaat eienaars |
| 1.2.5 Produktiwiteit | E Produksie van kapitaalgoedere |
| 1.2.6 Erfenis | F Verhouding van uitset tot inset |
| 1.2.7 BRICS | G Bankspaarrekening en depositos |
| 1.2.8 Kwasi Geld | H Vergoeding van die produksiefaktore |
| | I Mineraal hulpbronne en fossiel-brandstowwe word uitgeput wanneer hierdie bronne gemyn word |

(8 x 1) (8)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die korrekte term langs die vraagnommer (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

Afkortings en akronieme sal NIE aanvaar word NIE.

1.3.1 Afname in die monetêre waarde van bates oor tyd

1.3.2 Goedere en dienste wat huishoudings, die besigheidsektor en die regering bereid is om ŉ prys voor te betaal

1.3.3 Staatsbeheerde ondernemings soos SAUK en ESKOM

1.3.4 Belasting en regeringsbesteding word gebruik om ekonomiese groei te beïnvloed.

1.3.5 ŉ Statistiek wat gebruik word om lande in ŉ rangorde te plaas volgens die vlak van menslike ontwikkeling

1.3.6 Persentasie depositos by banke wat in kontant by die Reserwe Bank gehou word om voorsiening te maak vir alle moontlike onttrekkings (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE soorte kapitaal. (2x1) (2)

2.1.2 Hoekom is die aanbod van grond vas? (2)

2.2 Bestudeer die onderstaande prent en beantwoord die vrae wat volg.



[Bron: https://www.globalwoodmarketsinfo.com/]

2.2.1 Noem die industrie in die primêre sektor wat voorgestel word in die bostaande prent. (2)

2.2.2 Wat is die verhouding tussen die primêre en sekondêre sektors? (2)

2.2.3 Verduidelik kortliks hoekom 'n minimum loon in die landbousektor in Suid-Afrika bekend gestel is. (2)

2.2.4 Waarom is die bydrae tot BBP belangrik in die primêre sektor? (4)

2.3 Bestudeer die onderstaande tabel en beantwoord die vrae wat volg.

**BRUTO TOEGEVOEGDE WAARDE 2018, KWARTAAL 3**

| | **R (miljoene)** |
|---|---|
| Bruto toegevoegde waarde by primêre sektor | 427 270 |
| Bruto toegevoegde waarde by sekondêre sektor | 833 994 |
| Bruto toegevoegde waarde by tersiêre sektor | 2 713 609 |
| **Bruto toegevoegde waarde teen basiese pryse** | **3 974 873** |

[Bron: *SARB quarterly bulletin,* December 2018]

2.3.1 Watter metode word in die bostaande berekening van die bruto binnelandse produk gebruik? (1)

2.3.2 Watter jaar word huidiglik deur die SARB gebruik as basis jaar? (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die konsep *Bruto Toegevoegde Waarde*. (2)

2.3.4 Verduidelik kortliks *Bruto Nasionale Produk (BNP).* (2)

2.3.5 Bereken die totale bydrae van die sekondêre sektor tot die Bruto Toegevoede Waarde teen basiese pryse. Toon al jou berekeninge. (4)

2.4 Bespreek die ekonomiese belangrikheid van die tersiêre sektor in die ekonomie. (8)

2.5 Hoe kan verkryging die gemarginaliseerde mense in Suid-Afrika bevoordeel? (8)
**[40]**

**VRAAG 3: EKONOMIESE SREWES** **40 PUNTE – 30 MINUTE**


3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van maatskaplike toelaes. (2 x 1) (2)

3.1.2 Wat is inkome ongelykheid? (2)

3.2 Bestudeer die kaart hieronder en beanwoord die vrae wat volg.

**SAOG**





3.2.1 Noem TWEE lidlande van die SAOG. (2)

3.2.2 Waarvoor staan die afkorting SAOG? (2)

3.2.3 Noem EEN ekonomiese doelwit van SAOG. (2)

3.2.4 Bespreek Suid-Afrika se belang in Afrika kortliks. (4)

3.3 Bestudeer die onderstaande grafiek en beantwoord die vrae wat volg.




3.3.1 Benoem die kurwe wat die *Lorenz-kurwe* voorstel. (2)

3.3.2 Verduidelik kortliks die term Lorenz-kurwe. (2)

3.3.3 Wat gebeur wanneer die *Lorenz-kurwe* wegbeweeg van die lyn van gelyke verdeling? (2)

3.3.4 Hoekom is daar so ’n ongelyke verspreiding van inkomste en rykdom in ’n land soos Suid-Afrika? (4)

3.4 Hoe verwyder streeks ekonomiese integrasie handelsversperrings tussen lidlande? (8)

3.5 Verduidelik lae lewensverwagting en gebrek aan opleiding as eienskappe van ’n ontwikkelende land. (2 x 4) (8)

**[40]**

**VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES**
**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem TWEE metodes om die BBP te bepaal. (2)

4.1.2 Verduidelik hoe verbruik indiensneming kan stimuleer. (2)

4.2 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Kuba se nuwe grondwet sal nie sy ekonomie herstel nie.**

"Die hervormings is 'n belangrike simboliese stap," het die Amerikaanse universiteits geleerde van Kuba, William LeoGrande gesê. "Wettiging van private eiendom plaas die private sektor op 'n wetlike ferm fondasie, wat dit nie gehad het nie. Deur weg te doen met die ou verbintenis om 'n kommunistiese samelewing te bou, bevestig die nuwe grondwet die erkenning dat 'n gemengde ekonomie die toekoms is."

[Bron: https://www.bloomberg.com]

4.2.1 Na watter ekonomiese stelsel word verwys in die bostaande uittreksel? (1)

4.2.2 Wie allokeer die hulpbronne in die bogenoemde uittreksel? (1)

4.2.3 Beskryf kortliks die term *ekonomiese stelsel*. (2)

4.2.4 Waarom word Suid-Afrika as 'n gemengde ekonomie beskou? (4)

4.3 Bestudeer die onderstaande tabel en beantwoord die vrae wat volg.

**SUID-AFRIKAANSE BANKE WAT MISLUK HET**

| **Bank** | **Jaar van kuratorskap** | **Redes** |
|---|---|---|
| VBS Mutual Bank | 2018 | Wanbestuur en likiditeits probleme |
| Afrika Bank | 2014 | Wanbestuur en likiditeits probleme, spesifiek rondom roekelose uitlening. |
| Saambou Bank | 2002 | Wanbestuur en likiditeits probleme |
| Nuwe Republiek Bank | 2002 | Wanbestuur en likiditeits probleme |

[Bron https://www.businesstech.co.za/news/banking]

4.3.1 Noem TWEE risikos wat banke in die gesig staar. (2)

4.3.2 Hoe hanteer die Suid-Afrikaanse Reserwebank bankmislukking? (2)

4.3.3 Wie is die slagoffers van bankmislukkings? (2)

4.3.4 Verduidelik kortliks *ruilmiddel* en *geld as 'n waardedraer* as funksies van geld. (4)

4.4 Onderskei tussen *ekonomiese groei* en *ekonomiese ontwikkeling*. (8)

4.5 Bespreek redes vir die ongelyke verspreiding van inkome. (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

**AFDELING C**

Beantwoord EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>• ŉ Goeie begin is om die sleutelkonsep wat in die vraag voorkom te definieer of om te omskryf.<br>• Gee addisionele inligting om die onderwerp te ondersteun.<br>• Moenie in die inleiding enige deel van die vraag insluit nie.<br>• Moenie enige gedeelte van die inleiding in die liggaam bespreek nie.<br>• Vermy om in die inleiding te sê wat jy in die liggaam gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Liggaam**:<br><br>**Hoofgedeelte:** Bespreek in detail / In diepte bespreking / Ondersoek / Bespreek krities / Ontleed / Vergelyk / Evalueer / Onderskei / Differensieer / Verduidelik / Assesseer / Debatteer<br><br>**Addisionele gedeelte:** Gee eie opinie / Bespreek krities / Evalueer / Evalueer krities / Trek ŉ grafiek en verduidelik / Gebruik ŉ grafiek en verduidelik / Voltooi die gegewe grafiek / Bereken / Bepaal / Vergelyk / Verduidelik / Onderskei / Vertolk / Debatteer kortliks | Maks. 26<br><br><br><br>Maks. 10 |
| **Gevolgtrekking**<br>• Die gevolgtrekking is ŉ samevatting van die onderwerp wat bespreek is in die liggaam en moet as ŉ HOË-ORDE respons gesien word.<br>• Die gevolgtrekking kan die vorm van ŉ eie opinie, voorbeelde, argumente om die bespreking van die onderwerp in die liggaam te ondersteun of teen te staan.<br>• Geen aspek van beide die inleiding en liggaam moet in die gevolgtrekking herhaal word nie. | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in detail Suid-Afrika se infrastruktuur. (26 punte)
- In jou opinie wat het die voortdurende energie krisis in Suid-Afrika veroorsaak sedert 2008? (10 punte)

**[40]**

**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek die funksies van die Suid-Afrikaanse Reserwebank onder die volgende hoofde:
    - Regeringsbank (8)
    - Bank van uitgifte (8)
    - Banke se bank (10) (26 punte)
- Hoe sal die Goewerneur van die Reserwebank monetêre beleid aanwend om die hoeveelheid geld in die land te beïnvloed? (10 punte)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou